



PAARL-SKOOL

NUUSBRIEF 1/2025



PAARL SCHOOL

NEWSLETTER 1/2025

2025. Die graad eentjies het vol verwagting hul skoolloopbaan begin en vir heelwat nuwe leerders by Paarl-skool het ook 'n nuwe reis begin. Alhoewel die spreekwoordelike pad ten opsigte van akademiese verwagtinge nie verander het nie, maak die ondersteuning en hulp deur toegewyde personeel wat langs hierdie pad verleen word, dit makliker vir ons leerders. Ek hoop en vertrou dat u, as ouers, dit ook so ervaar.

Die bekende woorde van die Chinese filosoof, Lao Tzu, "n Reis van 'n duisend myl begin met 'n enkele tree," is beslis van toepassing, nie net vir ons nuwe leerders nie, maar vir al 327 leerders van Paarl-skool. Die inhoud van hierdie nuusbrieff getuig weer eens van die onderskeie "treë" wat op verskillende "paadjies" geneem is om selfvertroue te bou, te groei en om sukses te beleef. Sukses kan op baie verskillende maniere definieer word, maar vir my as skoolhoof is "sukses" die groot glimlagte van gelukkige leerders.

Enige iemand wat al 'n lang pad aangepak het, sal weet dat jy soms moet stilhou, bene rek en jouself verfris. Dis vakansie! Dis nou tyd vir personeel en leerders (en hopelik hul ouers) om te stop, stil te raak, te reflekteer oor die kwartaal wat verby is en om nuwe energie te laai.

By Paarl-skool leef ons Spreuke 3:6 uit:

**Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal
jou die regte pad laat loop.**

Ons is in diepe afhanklikheid voor ons Hemelse Vader ten opsigte van ons daaglikse besluite en keuses. Ons is ook baie bewus van sy seëninge oor ons skool.

Geniet die vakansie saam met u kinders en wees veilig as u "die pad vat".

Seënwense

Anneline Norman
Anneline Norman

Prefekte 2025



Moses Mohapi



Baahir Corner



Hoofleiers

EERSTE KWARTAAL

TROTS

op julle!

Veel meer as 'n skool / More than a school

Leierskapkamp

Die prefekte het sover 'n besige 2025 gehad. Die kwartaal het afgeskop met hul leierskapkamp in Langebaan. Hierdie naweek was propvol leierskapsaktiwiteite waar leerders hulself kon ontwikkel en as 'n span saam kon groei.



Prefekte reik uit

Op 29 Januarie het die prefekte 'n leierskapuitreikaksie aangebied vir skole in die gemeenskap. Laerskole Brackenfell en Totius het hierdie jaar se uitreik bygewoon. Dit is 'n waardevolle geleentheid vir hoofstroomleerders om hulself vir 'n uur of twee in Paarl-skoolleerders se skoene te plaas en blootgestel te word aan van ons leerders se daaglikse uitdagings.

Valentynsdagprojek

Op Valentynsdag het die prefekte die opvoeders verras met 'n geheime briefie wat op hul motors se vensterruite geplak is. 'n Spesiale gebaar om waardering, teenoor die opvoeders, te wys.



Die prefekte het ook 'n fondsinsamelingsprojek geloods waar hulle skryfbehoeftes ingesamel het om aan minderbevoorregte skole in die gemeenskap te skenk. Baie dankie vir elke ouer en voog se bydrae tot hierdie projek. Ons waardeer elke skenking opreg.

Kultuur

Koor

Hierdie kwartaal het die koor 'n ongelooflike tyd by ons jaarlikse koorkamp gehad. Die kamp was 'n fantastiese mengsel van harde werk, musiek en pret, waar ons koorlede bymeekaargekom het om hul vokale vaardighede te verfyn, spanbande te versterk en voor te berei vir komende optredes. Ons is opgewonde om die koor se nuwe repertoire by komende optredes ten toon te stel. Baie dankie aan almal wat die kamp moontlik gemaak het. Ons sien uit na die pragtige musiek wat voorlê!



Waarde van die kwartaal

RESPEK



Paarl-skool is 'n waarde-gedrewe skool en ons fokus elke kwartaal op een van ons vier kernwaardes om dit by ons leerders tuis te bring.

Leerders word aangemoedig om hierdie waardes op 'n daaglikse basis uit te leef. Rio die leeu is ons kenteken.

Biddag vir Vroue

Op 7 Maart het al die meisies en damespersoneel saam met die res van die wêreld aan die Biddag vir Vroue deelgeneem. Hierdie jaar was die fokus op die mense van die Cook-eilande. Gwen Terblanche het vir ons 'n boodskap gebring. Ons het geleer van vriendskap, respek en liefde vir mekaar en onself.



Sport Hoogtepunte

BEKERWENNERS - KLEURESPOORT

LSOB ATLETE

Mini-atleet van die dag: Meisies 0/8 - 0/10	Amy Gray
Mini-atleet van die dag: Seuns 0/8 - 0/10	Jared Mitchell & Graham Moolman
Junior Victrix Ludorum: 0/11 - 0/12	Hope Faroa
Junior Victor Ludorum: 0/11 - 0/12	Pieter Venter
0/13 Seun	Francois Roux
0/14 Seun	Troy van Niekerk
0/15 Seun	Ruwhaan Fielding
Senior Seun 0/16 - 0/18	Johannes Vosloo
Beste Langafstand Seun	Johannes Vosloo
Beste Langafstand Dogter	Lee-Shay Meyer
Beste Senior Veldatleet Seun	Francois Roux
Beste Senior Veldatleet Dogter	Jamé Nel
Beste Gewigstoot	Jamé Nel
Senior Victrix Ludorum	Lee-Shay Meyer
Senior Victor Ludorum	Johannes Vosloo

PARASPORT

Seuns 0/8 - 0/12	Sergio Jonkers
Dogters 0/8 - 0/12	Reeva Abrahams
Seuns 0/13 - 0/15	Elijah Folding
Dogters 0/13 - 0/15	Kendahl Benting
Seuns 0/16 - 0/18	Daniel Roode
Dogters 0/16 - 0/18	Rethabile Njengele
Slalom Dogters	Kendahl Benting
Slalom Seuns	Daniel Roode
Victrix Ludorum	Rethabile Njengele
Victor Ludorum	Elijah Folding
WENSPAN	Blou

Kleuresport

Ons langverwagte kleuresport op 24 en 25 Januarie was hierdie kwartaal 'n groot sukses en het leerders, opvoeders en gesinne bymekaargebring vir 'n dag van prettige en vriendelike kompetisie. Na hewige wedywing en 'n uitstekende vertoning het die Blouspan, na 'n paar droë jare, as oorwinnaars uit die stryd getree en die trofee verower. Baie geluk aan almal wat deelgeneem het, veral aan die Blouspan met hul welverdiende oorwinning!



Mini-Atletiekbyeenkoms

Ons het ook ons jaarlikse Mini-atletiekbyeenkoms op 6 Februarie aangebied, wat die geweldige talent en sportmangees van ons jonger atlete ten toon gestel het. Dit was 'n aand gevul met energie en opwindning. Ons het Jan Kriel, Tafelberg, Hebron Christenskool, Dunatos en Dominican skool vir dowes verwelkom. Baie geluk aan alle deelnemers wat hierdie geleentheid so spesiaal gemaak het!

Interskole

Deelnemende skole: Jan Kriel, Tafelberg en Paarl-skool. Paarl-skool het in die tweede plek geëindig. Ons is supertrots op ons atlete! Geluk aan Gabby Bekker - Victrix Ludorum met 2 nuwe rekords in spiesgooi en diskus. Dankie aan die personeel wat as beamptes opgetree het.



LSOB Atletiek Kampioenskappe

Een van die hoogtepunte van die kwartaal was ons atlete se deelname aan die Westelike Provinsie LSOB-proewe by Jan Kriel-skool op 19 Februarie. Sewe van ons talentvolle atlete is gekies om die Westelike Provinsie-span te verteenwoordig. Hulle is: Lee-Shay Meyer, Aquneria Hendricks, Jamé Nel, Francois Roux, Zoë Ball, Tatum Steiner en Kiara Swartz - 'n groot eer en 'n bewys van hul harde werk en vasberadenheid.



Die Wes-Kaap Hoërskool en LSOB-kampioenskappe het op 14 en 15 Maart 2025 by die Groenpunt-stadion plaasgevind. Baie geluk aan die volgende medaljewenners:

- **Francois Roux:** gewigstoot - GOUD
- **Jamé Nel:** gewigstoot - GOUD
- **Kiara Swart:** hoogspring - GOUD
- **Tatum Steiner:** hoogspring - GOUD
- **Lee-Shay Meyer:** 100m en 200m - SILWER
- **Qunie Hendricks:** verspring - BRONS
- **Zoë Ball:** twee baie goeie 4de plekke in die 800m en 1500m

Francois, Jamé, Kiara, Tatum, Lee-Shay en Qunie is gekies vir die Wes-Kaapse span wat vanaf 2 - 6 April 2025 in Bloemfontein gaan deelneem aan die Suid-Afrikaanse Hoërskool en LSOB-kampioenskappe. Ronel van Dijk (Wes-Kaapse Skole-atletiekbestuur) sal die span vergesel.



Swem

Hierdie kwartaal het ons swemspan opslae gemaak met indrukwekkende vertonings by beide ons jaarlikse swemgala en die interskole-kompetisie. Ons beste swemmers by die jaarlikse swemgala was: Megan de Jager, Zoë Ball en Luan Muller. Baie geluk aan Zoë Ball met haar prestasie as Junior Victrix Ludorum by die interskole-gala. Ons is trots op elke swemmer.



Koshuis



Ons het met 'n swaar hart afskeid geneem van ons geliefde Tannie Marietjie, wat aan die begin van die kwartaal oorlede is. Marietjie Flint was meer as net 'n matrone vir die leerders in ons skoolkoshuis- sy was 'n vriendin, 'n mentor en 'n moederfiguur vir baie.



Ons nuwe koshuiseleerders is bederf toe Margaret Storkey en Deidre Nicholson, van die GG-dames, vir elkeen 'n gehekelde kombers gegee het wat hulle lekker warm kan hou gedurende die wintermaande.

Gedurende hierdie uitdagende tyd wil ons graag ons opregte dank uitspreek aan Shirley Galeshewe, wat met grasia en leierskap ingetree het om beheer oor die daaglikse lewe en bestuur van die koshuis te neem. Sy het hierdie verantwoordelikheid met groot sorg aanvaar en verseker dat die leerders steeds veilig, ondersteun en goed versorg voel in die afwesigheid van Marietjie Flint. Ons het ook vir Sharlene Meyer verwelkom as die nuwe hoof van ons seunsgang.



Biblioteek

Baie geluk aan die volgende leerders wat verkies is tot biblioteekprefekte: Gabby Bekker, Tiaan Joubert, Marlé Niewoudt, Kayla Jacobs, Seth Brown, Kiara Swartz, Taytum Titus, Azrah Adams, Azariah Arendse, Zayaan Charles, Blessing Nyamayaro, Reeva Vetshe, Arlynn Conradie, Tannith Uytenbogaardt, Anga Kumenge, Keabetswe Nogoetanja, Christian van Rooy en Tanica Byne.

As 'n fondsinsamelingsprojek het ons heerlike "Oreo McFlurry's" verkoop op Nasionale Oreo-koekiedag wat op 6 Maart gevier word. Baie dankie aan almal vir hulle ondersteuning!

Biblioteekweek (17 - 23 Maart): In samewerking met Brackenfell Biblioteek poog ons om leerders toegang tot Libby, 'n biblioteek-toepassing, te gee, wat 'n nuwe wêreld vir ons leerders oopmaak, aangesien daar ook baie oudioboeke op die toepassing beskikbaar is. Libby het self die Intermediêre Fase se provinsiale biblioteekkaart kom aflewer.

Verder beplan ons om binnekort die biblioteek uitneemstelsel digitaal te maak.

'n Oud-onderwyseres het die mooiste kwilt aan die Paarl-skool biblioteek geskenk. Dit beeld "The Book Thief" uit en ons kan nie wag om dit in die biblioteek op te hang nie! Baie dankie Ina Meyer vir hierdie wonderlike gebaar.



Landsdiens

Twee van ons Landsdiensleerders het in Desember 2024 'n nasionale kamp in die Noord-Kaap bygewoon. Hulle het dit ongelooflik baie geniet en baie nuwe vriende gemaak. Ons het die jaar met 'n hoërskoolkamp op Mizpah afgeskop en sien uit na 'n jaar met vele avonture.



Nuus uit die fases

Voorskoolse Fase

Die Voorskoolse Fase is opgewonde om terug te wees by die skool na 'n heerlike somervakansie! Die kinders en personeel het die pretvolle waterspeel-aktiwiteitsdag baie geniet! Ons het heerlijk in die water gespeel en die dag afgesluit met roomyse. Ons wens vir Tannie Rachel geluk wat twee keer oma geword het hierdie kwartaal. Baie dankie aan al die ouers wat bygedra het tot ons eerste koekverkoop van die jaar – julle ondersteuning beteken so baie! Ons sien uit na 'n jaar met wonderlike leergeleenthede en avonture.



Ons is ook verheug om ons nuwe graad R-opvoeder, Luzanne Brown, by die span te verwelkom.



Grondslagfase

Die Grondslagfase het hierdie kwartaal op 'n hoë noot afgeskop. Die pretgala het gesorg vir groot opwinding onder die kleintjies. Elke leerder moes aan 3 items deelneem met ondersteuning van 'n juffrou in die water. Na afloop van die items, het almal lekker in die water baljaar en ook 'n roomys as beloning vir hul waagmoed ontvang. Tydens 'n besoek van die brandweer het die leerders geleer oor brandveiligheid en die belangrike rol van brandbestryders in die gemeenskap.



Ons verwelkom vir Mariska McDonald in graad 1A. Ons glo sy sal baie gelukkig in die Grondslagfase wees. Dankie aan Mariëtta Crous wat weer uithelp in die graad 3A-klas, tydens Elana Carstens se siekverlof.

Welkom terug aan Claresha Samson na haar bevalling. Ons glo Lumeeqah Samson sal haar baie vreugde verskaf.



Intermediêre Fase


2025 het vir die leerders in die Intermediêre Fase met opwindende veranderinge begin. Ons wissel nou tussen klasse tydens periodes en dit is heerlik om bietjie rond te beweeg! Ons graad 5- en 6-leerders het by verskeie onderwysers klas en ons is opgewonde oor die hoë gehalte onderrig wat elke leerder ontvang. Ons is hierdie jaar deel van die *Love2Read*-program en elke klas het 'n versameling heerlike leesboeke ontvang wat ons by die WKOD-biblioteek leen. Sommige van ons leerders het aan 'n probleemoplossingskompetisie deelgeneem, terwyl ander 'n Wiskunde-olimpiade voltooi het. Ons sien uit na 'n wonderlike jaar vol leer en groei! 'n Spesiale gelukwensing aan Kevin Marais en Casey Mathys met hul huweliksbevestiging wat stil-stil gedurende die Desemberavakansie plaasgevind het.



Die Love2Read-boeke maak wêreld vir ons oop.



Volg die instruksies en leer hoe om vrugteslaai te maak.



Hardoplees in die klas.

Senior Fase



Die eerste kwartaal van die jaar was gevul met opwindende oomblikke vir ons Senior Fase! Ons het ons nuwe graad 7-leerders met ope arms verwelkom en hulle gehelp om hulself in die nuwe fase te vestig. 'n Spesiale hoogtepunt was ons eerste Valentynsdans, wat ons saam met die seniors in Werksvoorbereiding aangebied het. Die aand was propvol energie, indrukwekkende danspassies en vreugde! Terwyl ons uitsien na die tweede kwartaal, wens ons al ons leerders 'n wonderlike en welverdiende blaaskans toe. Ons sien uit om hulle terug te verwelkom!



Ons is verheug oor die verloving van ons kollega, Gerrit Scheepers, en ons wens hom en sy verloofde 'n geseënde toekoms saam!



Funksionele Fase



Dis koekverkoopertyd! Die Funksionele Fase-ouers het heerlike koek, eetgoed en lekkernye bygedra. Dis mos hoe 'n Vrydag-pouse moet voel. Dit is te lekker om 'n week so af te sluit!

21 Februarie was verseker 'n hoogtepunt vir die Funksionele Fase leerders. Ons jaarlikse pretgala was, soos altyd, 'n groot lekkerte.



Werksvorbereiding



Dit is oestyd in ons groentetuin. As deel van Landboustudies, plant die werksvorbereiding leerders 'n verskeidenheid groente. Ons chillie- en pepperoes het ons grootste verwagting oortref.



Die kwartaallikse koffiewinkel was weereens 'n hoogtepunt. Ons leerders geniet dit om personeel, vriende van die skool en donateurs te bederf. Dit is ook 'n wonderlike geleentheid waar die Werksvorbereiding-leerders leer van kosvorbereiding, barista- en kelner-wees.

Almal het ook die Valentynsdans geniet wat ons saam met die Senior Fase gehou het.



Ondersteuningspan

Ons verwelkom 4 nuwe spanlede. Hulle het somer vinnig ingeskakel en is reeds deel van die Paarl-skoolfamilie.



Leoné Swart
Intern Sielkundige



Madeleine Swart
Sielkundige



Jean-Marie Cilliers
Arbeidsterapeut



Esté Botha
Maatskaplike werker

Professionele Ontwikkeling

Die personeel het blootstelling gekry aan professionele ontwikkeling op verskeie vlakke hierdie kwartaal. Ons Fisioterapie-afdeling het vir die personeel 'n uitstekende opleidingssessie aangebied oor verskillende diagnoses. Eddie Grossett het 'n aanbieding gedoen oor basiese brandbestyding, ontruiming en die gebruik van brandblussers. Dit het 'n praktiese komponent ingesluit. Gavin Keller van die Keller-stigting het 'n uitstekende aanbieding gedoen oor "Teaching Struggling Brains". Ons nie-professionele personeel het opleiding ontvang in die hantering van moeilike en impulsiewe gedrag, rugsorg, verlofbedeling en diensvoorwaardes asook 'n assesseringsakkommodasies (AA)-werkswinkel vir die privaatfasiliteerders.



Gavin Keller stigter van die Keller-stigting



Olimpiade

- Baie geluk aan Wikus Mattee (brons), Charl Joubert (brons) en Blessing Nyamayaro (silwer) wat pryse ontvang het by die IITPSA Computational Thinking Olimpiade.



PSOS

Paarl-skool Ontwikkelingstigting



Wie is ons?

Die Paarl-skool Ontwikkelingstigting is 'n nie-winsgewende geregistreerde organisasie.



Wat doen ons?

Die PSOS ondersteun die skool finansieel. Dit verhoog ook bewustheid oor die skool se behoeftes en die uitdagings van kinders met gestremdhede. Die PSOS dien dus as 'n brug tussen weldoeners en die skool, wat dit vir almal maklik maak om te help.



Hoekom doen ons dit?

Paarl-skool is grootliks afhanklik van die ruimhartigheid van korporatiewe donateurs, beshgede en die gemeenskap om aan sy behoeftes te voldoen.

kfm 94.5 skenk skryfbehoeftes

Paarl-skool was een van die bevoorregte ontvangers van 2025 se “kfm 94.5 stationery drive”! Op Maandag, 17 Februarie, het die bekende kfm-omroeper, Carl Wastie, saam met die kfm-span vir Paarl-skool kom verras met ‘n besoek. In samewerking met die Gemeenskapskas, Wes-Kaap het Paarl-skool skryfbehoeftes ontvang. Baie dankie aan Carl Wastie, kfm en die Gemeenskapskas! Ons is ongelooflik dankbaar vir die skenking.



Loslitdag 2024

Ons is in die wolke om die nuus te ontvang dat ons weer in die eerste plek in die Wes-Kaap was met ons Loslitdagverkope van 2024! Paarl-skool het ook derde plek verwerf in Loslitdag se sosiale media fotokompetiesie! Baie dankie aan elke skool, onderneming en persoon wat ons ondersteun het. Die fondse wat ons hier insamel, word gebruik om noodsaaklike hulpbronne, bv. busse aan te koop.





Loslitdag 2025

Loslitdag, die Nasionale Raad vir persone met gestremdhede se fondsinsamelings- en bewustheidsveldtog is hierdie jaar op Vrydag, 5 September – teken dit solank aan! Hierdie jaar se tema is “Beyond the Label” wat fokus op die erkenning van die inherente waarde, waardigheid en uniekheid van alle mense, ongeag hul vermoëns.

Lojaliteitsprojekte

Baie dankie aan diegene wat Paarl-skool alreeds ondersteun met **SchoolDays** (DisChem) en **MySchool** (Woolworths) kaarte. Maak gerus vir Paarl-skool - Brackenfell u begunstigde indien u nog nie het nie en laat waai met die “swipes”! Baie dankie, Schooldays en MySchool, vir die maandelikse donasies wat Paarl-skool van u ontvang.



Sosiale media

Volg ons op **Facebook** en **Instagram** vir interessante Paarl-skoolstories, nuusbrokkies asook waardevolle en nuttige inligting.

Klik om te registreer

Klik om te volg



MEMO

Korporatiewe donasies

Die PSOS is 'n geregistreerde openbare weldaadsorganisasie. Artikel 18A-belastingsertifikate en B-BEE-sertifikate kan hiervoor uitgereik word. Laat weet ons gerus van enige nuwe kontakte hiervoor.

Klub100

Met hierdie projek kan goeiehartige mense onderneem om elke maand R100 vir een jaar te skenk. Die fondse help dat Paarl-skoolleerders broodnodige dienste en sorg kan ontvang. Kontak asseblief die PSOS-kantoor vir meer inligting.


Pick-a-Pearl



Met hierdie projek kan instansies spesifieke behoeftige leerders se skoolfonds, busgeld of koshuisgeld borg. Artikel 18A-belastingsertifikate en B-BEE-sertifikate kan ook hiervoor uitgereik word.

Doppies vir herwinning

Stuur u (skoon) plastiekdoppies skool toe - ons verdien 'n lekker geldjie hiermee!



Kontakbesonderhede

Martie Wilmot:

ontwikkeling@paarlskool.org.za

Elizbè van der Colff:

psos@paarlskool.org.za

021 981 3756

071 972 2967

Paarl Skool School

Ontwikkelingsstigting
Development Foundation

Webwerf

Besoek die Paarl-skool Ontwikkelingsstigting se webwerf!

<https://www.paarlschooldf.com/>

Klik vir webwerf